# HOOFSTUK VIII.

## ONDERWYSRAPPORTE EN BEHEER IN DIE RES VAN SUID-AFRIKA EN ONDERWYSONTWIKKELING TEN OPSIGTE VAN BEHEER IN ENGELAND, V.S.A. EN NEDERLAND.

## 1940 - 1952.

1. Inleiding:

Dit is in hierdie stadium gewens dat beheer in die onderwys wat nie spesifiek met Transvaal te doen het nie, maar wel met die res van Suid-Afrika asook met ons stamlande en die V.S.A. behandel word ten einde die verloop aldaar na te spoor om te bepaal watter ooreenkoms of teenstelling daar is met Transvaal. In hierdie hoofstuk kom dan die volgende vraagstukke onder bespreking :

(a) Natal: (i) Die Natalse Onderwyskommissie 1946.
(ii) Beheer in die Onderwys in Natal.

(b) Die De Villierskommissie 1948.

(c) Vrystaat: (i) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1951.
(ii) Beheer in die Onderwys in die Vrystaat.

(d) Kaapprovinsie : Beheer in die Onderwys in die Kaapprovinsie.

(e) Ontwikkeling in Engeland ten opsigte van beheer.

(f) Ontwikkeling in die V.S.A. ten opsigte van beheer.

(g) Ontwikkeling in Nederland ten opsigte van beheer.

2. Natal:

(a) Die Natalse Onderwyskommissie 1946.

Die Provinsiale Onderwyskommissie (Natal) [1)]

1). Ook bekend as die Wilkskommissie.

is benoem by Provinsiale Kennisgewing No.59 van 10 Februarie 1944 onder voorsitterskap van die heer E.C. Wilks en het sy verslag in 1946 ter tafel gelê.

Die Kommissie wys daarop dat die toenemende eise van die hedendaagse lewe 'n dringende behoefte na 'n veelsydige opvoeding van die gemiddelde burger laat ontstaan het waaraan die teenswoordige onderwysstelsel nie kon voldoen nie. [1]

Die erkenning wat deur die werkgewer en die groot publiek aan die matrikulasiesertifikaat as die toppunt van 'n goeie middelbare opvoeding verleen is, het die skole verplig om hulle leergange na die vereistes van die matrikulasie- eksamen in te rig. As gevolg van hierdie toedrag van sake word die behoeftes van die vele vir die weiniges opgeoffer sodat groot groepe leerlinge, wat nooit na die universiteit sal gaan nie, vind dat hulle van fasiliteite vir hulle spesiale behoeftes verstoke is. Die provinsies het pogings aangewend om sekere middelbare kursusse vir handels en tegniese leerlinge te verskaf. Die ontwikkeling van hierdie soort onderwys is egter gestrem deur die tradisionele reaksies van die publiek en deur die houding van die Unie-onderwysdepartement wat getrag het om beheer oor hierdie soort onderwys te behou. Die gevolg was dat die kursusse in provinsiale skole op die bestaande eksamenlees geskoei moes word en dus grotendeels 'n akademiese kleur moes aanneem. [2]

Die Kommissie is daarvan oortuig dat alle

---

1). Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee (Natal) (N.P. 2-1946), par. 2 en 3.

2). Id., par. 3.

onderwys 'n eenheid uitmaak en as 'n onafgebroke proses behoort beskou te word. Hierdie sienswyse vereis dat beheer oor die opvoeding van die jeug voor indienstreding, by een onderwysowerheid behoort te berus. 1) Die Wilkskommissie gaan ook die verskillende omskrywings van die term „hoër" onderwys na en konstateer dat die afwesigheid van enige gesonde opvoedkundige beginsels met betrekking tot die onderwysverdeling van beheer, moet enigeen opval wat ondersoek instel na die organisasie van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Daar het dus heelwat verspilling van energie ontstaan wat met behoorlike koördinering aanleiding sou gegee het tot resultate wat die leerling en die land as geheel sou gebaat het. 2)

Hierdie bevindings van die Wilkskommissie geld ook Transvaal en is later deur die Interkerklike Komitee gestel.

(b) Beheer in die Onderwys in Natal.

In Natal bestaan plaaslike besture net in die munisipaliteite en dorpsgebiede. Daar is alleen adviserende skoolkomitees in sekere gebiede. 3)

Dit blyk duidelik volgens Die Natalse Onderwys Ordonnansie 1942 (Ordonnansie No.23 van 1942) soos geamendeer tot 31 Desember 1955 dat daar van plaaslike beheer weinig sprake is. Alle mag en beheer is by die Administrateur wat magte kan oordra aan die

---

1). Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee (Natal) (N.P. 2 - 1946), par. 5.

2). Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee (Natal) (N.P.2 - 1946), par. 11 en 12.

3). Provinsiale Administrasie Kommissie, par. 74. (Transvaal).

Direkteur van Onderwys. [1] Alle aanstellings en bevorderings word gemaak deur die Administrateur. Die plaaslike besture en adviserende skoolkomitees het geen seggenskap nie. [2]

Natal het in teenstelling met Transvaal 'n hoogs gesentraliseerde onderwysstelsel, die plaaslike liggame het slegs adviserende magte.

3. Die De Villiersverslag 1948.

(a) Inleiding.

Die Verslag van die Kommissie insake Beroepsonderwys is in 1948 gepubliseer.

Op 15 Maart 1945 gee die Goewerneur- generaal opdrag aan dr. F.J. de Villiers as voorsitter, die here L.H.L. Badham, C.H. Crompton, A. Sinton en professor J. Orr om ondersoek in te stel na tegniese en beroepsonderwys in die Unie in die algemeen en meer bepaald oor ondermeer die volgende :

„3. Die onderskeie aandeel van die Unie- en Provinsiale Onderwysdepartemente ten opsigte van beroepsonderwys en tegniese onderwys met inagneming van :

(b) Die verhouding tussen die werk van die beroepskole van die Unie- Onderwysdepartement en van die tegniese kolleges in sover as hulle in die gebied van middelbare onderwys val, enersyds, en die gewone middelbare onderwysaktiwiteite van die provinsies, andersyds;

---

1). Die Natalse Onderwys Ordonnansie 1942, artikel 2 en 3(1).

2). Id., artikel 43(1).

(d.) Die wenslikheid om die verskillende genoemde aktiwiteite te koördineer.

4. Die finansiële implikasies wat uit voorgenoemde voortspruit." 1)

Die personeel van die De Villierskommissie het uit twee opvoedkundiges en drie buitestaanders bestaan. In die inleidingshoofstuk van die verslag word verklaar dat die drie leke- lede van die De Villierskommissie dan ook gevind het dat 'n nasionale uitkyk in ons onderwyswese ontbreek. Hulle het provinsialisme aan die orde van die dag gevind. Hulle vind dat die gevestigde belange baie sterk was en dat die skoolowerhede die belange van die bestaande owerhede teen elke prys verdedig het. 2)

(b) <u>Die Verhouding tussen beroepsonderwys en algemene onderwys.</u>

Die fenomenale groei van die tegniese kolleges wat vanaf 1926 tot 1946 met 150 persent vermeerder het, toon dat hierdie skole in 'n bepaalde behoefte voorsien. 3)

Die stigting van die juniorhoërskool in Transvaal met die uitgesproke doel om beroepsopleiding te verskaf, is 'n bewys dat die Transvaalse Onderwysdepartement dan ook in hierdie behoefte probeer voorsien. Die stigting van die juniorhoërskole in Transvaal het 'n stand van sake teweeggebring wat een van die onmiddellike redes vir die ondersoek van die

---

1). De Villierskommissie (U.G. 65- 1948), par. 2.

2). Die De Villierskommissie (U.G. 65- 1948), par. 25 - 26.

3). Id., par. 101 - 102.

De Villierskommissie was. [1]

Die Kommissie lewer 'n lang betoog om aan te toon dat die huidige hoërskoolonderwys nie algemeen is nie en ook nie beroepsonderwys is nie, maar 'n mengsel wat bes beskou kan word as akademies plus beroepsgeoriënteerde onderwys. [2]

„Beroepsonderwys is nie die teenoorgestelde van algemene onderwys nie, maar 'n fase van onderwys waartoe voltydse algemene onderwys noodwendig moet lei. [3] Algemene en beroepsonderwys is dele van dieselfde geheel-aspekte van dieselfde onverdeelbare proses." [4]

Die Kommissie se ondersoek het hom tot die slotsom laat geraak dat die huidige provinsiale middelbare en hoërskole met die bestaande leerplanne nie die regte onderwys vir elkeen van hulle leerlinge verskaf en nie kan verskaf nie. [5]

Die faktore wat ten grondslag lê vir die wanverdeling van middelbare leerlinge, is: [6]

(i) Die ontoereikende onderwysfasiliteite, daar duisende leerlinge na provinsiale hoërskole en middelbare skole gegaan het omdat hulle nêrens anders kon gaan nie;

---

1). Die De Villierskommissie (U.G. 65 - 1948), par. 105.

2). Id., par. 109.

3). Id., par. 111.

4). Id., par. 113.

5). Id., par. 124.

6). Id., par. 19 - 21.

(ii) die ongewildheid van die beroepskole wat die stigma van arm skole gedra het;

(iii) die gebrek aan georganiseerde beroepsvoorligting. Skrander leerlinge moes na die provinsiale hoërskole gaan en die dommes na beroepskole wat natuurlik 'n mistasting is dat die minder intelligente kind noodwendig praktiese aanleg het en dat praktiesaangelegde leerling noodwendig die minder intelligente leerling is;

(iv) die besorgdheid deur die provinsies oor die welsyn van die provinsiale inrigtings; en

(v) die stelsel van dubbele beheer wat mededinging en algemene antagonisme tussen provinsiale naprimêre skole en beroepsopleidingsinrigtings veroorsaak.

Die Kommissie het besef dat enige poging om tegniese en beroepsopleidingsfasiliteite te verbeter wat nie gepaard gaan met 'n poging om toestande wat op die oomblik 'n gesonde verhouding tussen algemene en beroepsonderwys onmoontlik maak, te verwyder nie, kortsigtige halwe maatreëls sal wees. 1)

Die Kommissie beoog die opvoeding van die hele mens en hoewel dit nie so gestel word nie, in beroepsgerigte skole, wat sowel die breë as die enge betekenis van beroep saamvat, d.w.s. „beroepsgeoriënteerde opleiding met 'n voldoende mate van voortgesette algemene onderwys."

Dit is waarskynlik om hierdie breër doelstelling te verwesenlik dat Transvaal na die Oor-

---

1). Die De Villiersverslag (U.G. 65 - 1948), par. 153.

sese Sending gekom het met sy gedifferensieerde middelbare onderwys en sy komprehensiewe hoërskole.

(c) Die nuwe nasionale onderwysskema.

Onder die voorgestelde nuwe nasionale skema word die leerlinge as volg in die verskillende skole ingedeel :

3 - 5 plus : Kleuterskool, opsioneel, op verantwoordelikheid van die staat.

5 - 12 plus: Laerskool, verpligte onderwys.

12 -15 plus: Juniorhoërskool, verpligtend vir almal.

15 -17 plus: Seniorhoërskool of beroepshoërskool of werk met verpligte voortsettingsonderwys.

17 -18 plus: Voor- universiteitskursus of gevorderde beroepsonderwys.

18 plus : Universiteite en Onderwysopleidingskolleges. 1)

Die vernaamste punt van die voorgestelde skema is die skerp en duidelike verdeling tussen voltydse, basiese, algemene onderwys en beroepsonderwys of beroeps- (of akademiese- ) georiënteerde onderwys. 'n Nuwe struktuur is geskep om die ongesonde verdeling uit die weg te ruim.

(d) Die beheer van die onderwys.

Die De Villierskommissie het, volgens sy eie woorde, „ernstige oorweging geskenk aan die vraagstuk van die toekomstige beheer van onderwys en, hoewel hy van mening is dat die ideale toestand 'n enkele nasionale owerheid met die nodige desentralisasie sal wees, het hy aangeneem dat hierdie sentrale beheer op

---

1). Die De Villiersverslag (U.G. 65 - 1948), par. 226.

die oomblik nog nie prakties uitvoerbaar is nie en dat die een of ander ko- ordinerende stelsel gevind moet word. Die Kommissie beveel derhalwe aan dat die provinsies behoort voort te gaan om alle laer- en middelbare (algemene) onderwys (dit is, die kleuter-, die laer-, die juniorhoër- en die seniorhoërskole) te administreer en die sentrale regering alle beroepsonderwys met inbegrip van die landbouhoërskole." 1)

(e) <u>Nasionale Koördinasie van die onderwys</u>.

Die De Villierskommissie sien 'n sentrale koördinerende gesag as die enigste oplossing onder die huidige omstandighede omdat beheer van alle onderwys deur 'n enkele sentrale owerheid prakties onuitvoerbaar is. 2)

Die Kommissie meen ook dat sommige van die belangrikste aanbevelings wat in die verslag gedoen is, slegs behoorlik uitgevoer kan word as dit deur die invloed en gesag van so 'n koördinerende liggaam ondersteun word. 3)

Die Kommissie haal in sy verslag die beleid aan wat die V.S.A. in hierdie verband gevolg het. 4) In die V.S.A. is onderwys 'n verenigde funksie vir elke Staat. Sedert die begin van die huidige eeu is daar egter ook in die V.S.A. in toenemende mate behoefte gevoel aan 'n eenvormige onderwysstelsel

---

1). Die De Villiersverslag (U.G. 65 -1948), par. 321 en 322.

2). Id., 2022 - 2023.

3). Id., par. 2024.

4). Id., par. 2026 - 2029.

Interkerklike Komitee : Memorandum, 14.

vir die hele land. As gevolg van bemoeiings in hierdie rigting is daar in 1917 die National Vocational Education Act (of die Smith -Hughes Act) op die wetboek geplaas. Hierdie wet het 'n Federale Raad van Beroepsonderwys ingestel met bevoegdheid om hulptoelaes aan State te betaal uit geld wat deur „Congress" vir die bevordering van beroepsonderwys toegestaan is. Die samewerking tussen die V.S.A.- onderwyskantoor en die State berus op vier fundamentele begrippe :

(i) dat beroepsonderwys vir die nasionale welsyn noodsaaklik is en dat dit 'n funksie van die Federale Regering is om die State aan te moedig;

(ii) dat federale fondse nodig is om die las van die verskaffing van die diens op 'n billike wyse onder die State te verdeel;

(iii) dat die Federale Regering wat belang het by die sukses van beroepsonderwys 'n mate van beheer oor hierdie werk behoort te kry; en

(iv) dat slegs deur die skepping van so 'n verhouding tussen die sentrale en plaaslike regerings beter en eenvormiger standaarde van onderwysdoeltreffendheid verkry kan word.

Die oplossing wat die V.S.A. gevind het, doen dan 'n moontlike gedragslyn vir die Unie aan die hand volgens die De Villierskommissie:

(i) Die heroordrag van alle beroepsonderwys aan die provinsies.

(ii) Die betaling deur die Sentrale Regering aan die provinsies van die grootste gedeelte (indien nie die hele bedrag nie) van die koste van hierdie soort middelbare onderwys, en

(iii) Die skepping van 'n Nasionale Raad om beroeps-

onderwys op 'n Uniale basis te koördineer en toesig daaroor te hou.

Die Kommissie kan egter net soos die Van der Horstkommissie [1] en die Rooskommissie, nie aanbeveel dat die tegniese kolleges oorgedra word nie. [2] Die Kommissie gaan nog verder, en ter stawing van sy standpunt konstateer hy dat in die huidige ontwikkelingstadium van tegniese kolleges, met ontrent twee jaar na matrikulasiepeil, volwasse- onderwys, ens., hulle oordrag nie geregverdig sal wees nie. In werklikheid bepleit die kommissie verdere oorvleueling tussen 11 tegniese kolleges en 9 universiteite op die na- matriekvlak. Nog verdere oorvleueling en kompliseering dus. [3]

Die Interkerklike Komitee meen tog dat die alternatiewe oplossing van die De Villiersverslag die kern inhou van 'n gesonde oplossing van die vraagstuk van die onderwysbeheer. Die voordele van so 'n reëling sou die volgende oplossings bied: [4]

(i) Alle middelbare onderwys sou dan ten minste in die vier provinsies weer as een organiese geheel behartig kon word onder een enkele beheer.

(ii) Beroepsonderwys sou dan op nasionale grondslag behartig kon word.

(iii) Die Sentrale Regering sou deur middel van subsidies wat onder sekere voorwaardes betaal kan

---

1). Die Universiteitskommissie van 1928.

2). Die De Villiersverslag (U.G. 65 -1948), par. 2031.

3). Interkerklike Komitee : Memorandum, 14 - 15.

4). Ibid.

word, doeltreffend beheer oor die beroepsonderwys uitoefen.

(d) Dit sou die provinsiale administrasies in staat stel om die nodige gedifferensieerde onderwys deur te voer.

Die Kommissie beveel aan dat 'n nasionale onderwysraad ingestel word wie se konstitusie, bevoegdhede en funksies by Wet van die Parlement omskryf moet word en dat die sekretariaat van die raad die Unie-onderwysdepartement moet wees. [1] Die Nasionale Onderwysraad sal saamgestel word uit :

1. Die Sekretaris van Onderwys, voorsitter.
2. Die vier hoofde van die Provinsiale Onderwysdepartemente.
3. Vier verteenwoordigers van die S.A. Onderwysverenigings genomineer deur hul Federale Raad.
4. Een verteenwoordiger van die Vereniging van Tegniese Kolleges en die Federasie van Tegniese Kollege- personeelverenigings.
5. Een verteenwoordiger van die Beroepskoolvereniging.
6. Twee verteenwoordigers van die Universiteite.
7. Twee lede, benoem deur die Minister, een verteenwoordigend van die belange van die vervaardigingsnywerhede, handel en landbou en een verteenwoordiger van die georganiseerde arbeid.
8. Twee lede benoem deur die Minister weens hulle spesiale kennis van die een of ander tak van die onderwys. [2]

---

1). De Villiersverslag (U.G. 65 -1948), par. 2036.

2). De Villiersverslag (U.G. 65 -1948), par. 2037.

Die funksies van die Raad moet ondermeer wees:

1. Die vasstelling van die breë beginsels van 'n algemene onderwysbeleid vir die Unie.
2. Die koördinasie van die verskillende onderwysdienste.
3. Die opleiding, diplomering, aanstelling en registrasie van onderwysers en hul diensvoorwaardes (kwalifikasies, salarisskale, pensioene, ens.)
4. Die instelling en bevordering van wetenskaplike navorsing op onderwysgebied.
5. Om wetgewing vir die Parlement oor onderwysaangeleenthede op te stel en na te gaan.
6. Om sistematies aantekeninge en statistieke oor alle onderwys in die Unie te hou.
7. Om oor alle sake wat spesiaal deur die Regering, die Provinsiale owerhede of die Parlement na hom verwys word, verslag te doen. [1)]

Vir elke besluit of aanbeveling van die Raad moet die goedkeuring van die Minister van Onderwys verkry word waarna dit krag van wet sal hê. [2)]

Tot dusver het daar van die De Villiersaanbeveling alleen dit tereggekom dat die Transvaalse Administrasie 'n professionele Onderwysraad vir die Transvaal in werking gestel het.

Verskeie Provinsiale Onderwysadministrasies het ongunstig op die aanbevelings gereageer. Die reaksie skyn gemotiveer te wees deur die vrees dat

---

1). De Villiersverslag (U.G. 65 -1948), par. 2039.
2). Id., 2040.

met die instelling van so 'n raad die outonomie van die provinsies prysgegee sou word. [1] Die status quo word dus gehandhaaf.

(f) Opleiding van Onderwysers.

Die De Villierskommissie het bevind dat die blanke onderwysers ten tye van hulle ondersoek in 15 opleidingskolleges, 8 universiteite of universiteitskolleges en twee tegniese kolleges en een privaat inrigting opgelei word. [2] Die vyftien opleidingskolleges (waarvan vier in Transvaal) word geadministreer deur die Provinsies. Die Kommissie beveel aan dat die huidige opleidingskolleges, onderwysfakulteite van die universiteite en onderwysersopleidingsafdelings van die tegniese kolleges, waar dit ook al moontlik is, in opleidingsinrigtings omskep word, wat samestellende kolleges van die universiteite sal wees. [3] Verder word aanbeveel dat die minimum van twee jaar opleiding tot 'n mininum van drie jaar verhoog word. [4]

4. Vrystaat:

(a) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (Pretorius Kommissie), 1951.

Die Provinsiale Onderwyskommissie van die Oranje- Vrystaat het onder voorsitterskap van die heer W.J. Pretorius gestaan.

Die Pretoriuskommissie stel dit dat die verdeling op onderwysgebied nie op pedagogiese grond-

---

1). Meiring: Die Dilemma in ons Onderwysbeheer. (Die Skoolblad, November 1950).

2). Die De Villiersverslag (U.G. 65 -1948), par. 1509.

3). Id., par. 1521.

4). Id., par. 1527.

slag berus nie :

„Dit het 'n ongelukkige verdeling van die onderwys teweeggebring wat met die verloop van die jare nie alleen 'n onheilige kompetisie tussen die Unie-onderwysdepartement en die Provinsiale Onderwysdepartemente laat ontstaan het nie, maar wat die onderwys en die opvoeding van die jeug seker onberekenbaar geskaad het en vir die Staat groot en onnodige uitgawes opgelê het." [1)]

Die Pretoriuskommissie het 'n diepgaande ontleding gemaak van die vraagstuk van Uniale en Provinsiale Beheer. Die getuienis wat hulle ingewin het kan onder die volgende hoofde saamgevat en ingedeel word. [2)]

1. Uniale beheer van alle onderwys.
2. Uniale beheer wat betref onderwyswetgewing wat moet geskied op inisiatief van 'n vakkundige Uniale Onderwysraad, met provinsiale administrasie van die onderwys.
3. Provinsiale beheer van alle voor-universitêre onderwys, d.w.s. tot ongeveer die 18de lewensjaar van die leerling.
4. Provinsiale beheer wat betref wetgewing en administrasie maar met die Uniale owerheid verantwoordelik vir alle finansiële verpligtinge.

Die oorweldigende meerderheid getuies voor die Kommissie het die behoud van provinsiale beheer nieteenstaande die nadele wat dit aankleef, soos bv. die

---

1). Provinsiale Onderwyskommissie 1951 (O.V.S.), par. 50.

2). Id., par. 51.

gebrek aan korrelasie tussen die provinsies, die uiteenlopende standaard van werk wat in die primêre skole van die verskillende provinsies aangetref word, die nadele vir die ouers by verplasing en die van aanpassing van leerlinge in laer en middelbare skole in verskillende provinsies, die moeilikhede wat ouers wat uit een provinsie na 'n ander verhuis ondervind in verband met beurse, toelaes, vry boeke, ens., en die oorvleueling van die werk van die Unie- onderwysdepartement en die Provinsiale Onderwysdepartement. [1)]

Die getuies wys op die gebrek aan koördinasie van die verskillende onderwysstelsels van die vyf onderwysdepartemente. Die gebrek kan verhelp word deur die instelling van 'n Nasionale Onderwysraad. [2)]

Na sorgvuldige oorweging van die getuienis het die Pretoriuskommissie as volg aanbeveel ten opsigte van beheer. [3)]

1. Die Provinsiale Administrasie bly verantwoordelik vir :
   (a) alle laer onderwys;
   (b) alle middelbare onderwys, behalwe suiwer tegniese onderwys d.w.s. alle vorme van beroepsonderwys wat met die wetenskap en tegnologie in verband staan, waarvan die regstreekse doel is om die individu toe te rus vir die een of ander nywerheidsloopbaan of ambag; alle vakonderwys vir dogters, soos

---

1). Provinsiale Onderwyskommissie 1951 (O.V.S.), par. 54.
2). Id., par. 56.
3). Id., par. 63.

dit tans gegee word deur die Unie-Onderwys-departement; en alle gespesialiseerde handels-onderwys.

Die Administrasie beywer hom vir 'n Nasionale Onderwysraad wat suiwer adviserend is en waarvan die meerderheid van die lede van die Raad uit vakkundiges bestaan. Die Raad sal die Unie- Regering en die Provinsiale Administrasies bedien van raad i.v.m. aan-geleenthede soos die volgende: 1)

(i) die groot grondbeginsels en grondslae van 'n uniale onderwysbeleid en onderwysstelsel;

(ii) 'n gesonde koördinasie tussen die verskillende stelsels en rigtings van die onderwys in ons land;

(iii) wetenskaplike navorsing op die gebied van die onderwys in al sy vertakkinge;

(iv) die sistematiese opstel van rekords en statistiek van die onderwys;

(v) die opleiding, diplomering en registrasie van onderwysers en die goedkeuring van opleiding-sentrums; en

(vi) salarisskale en diensvoorwaardes van onderwysers.

Die voorgestelde oplossing, naamlik 'n Nasionale Onderwysraad, van ons onderwysprobleme is tot op die tydstip die mees diepgaande deur die Pretoriuskommissie behandel.

Ook die Vrystaatse kommissie beveel dus aan dat die status quo gehandhaaf word en dat 'n Nasionale

---

1). Provinsiale Onderwyskommissie 1951 (O.V.S.) par.66.

Onderwysraad wat suiwer adviserend moes wees, ingestel moet word.

(b) Beheer in die onderwys in die Vrystaat.

Die bestuur en beheer van die onderwys berus by die Administrateur wat 'n Direkteur van Onderwys onder sy beheer het. Laasgenoemde oefen die bevoegdhede uit wat by Ordonnansie aan hom verleen is. [1]

Die stelsel van skoolrade, skoolkommissies en beherende liggame in die Vrystaat toon groot ooreenkoms met die van Transvaal.

Die Vrystaat is in skooldistrikte ingedeel, elk met 'n skoolraad bestaande uit van 5 tot 9 lede. Die lede van 'n raad vir 'n distrik word gekies deur die skoolkomitees binne die betrokke skoolraadsgebied en nie soos in Transvaal deur die ouers van skoolgaande kinders nie. [2] Die skoolraadsgebiede is anders as in Transvaal beperk tot een of meer gemeentes van die Nederduits- Gereformeerde Kerk. [3]

Die pligte van die skoolrade is dieselfde as in Transvaal, behalwe dat 'n raad nie inmeng met die benoeming van onderwysers deur 'n kommissie nie. [4]

Die skoolkommissies bestaan uit vyf of sewe lede en word deur die ouers gekies. [5] In hoofsaak is die pligte dieselfde as in Transvaal. Die

---

1). Die Ordonnansie op Onderwys, 1954 (O.V.S.), artikels 2(1) en 3(1).

2). Id., art. 5 en 6.

3). Id., art. 4(c).

4). Id., art. 20.

5). Id., art. 22(1) en 23(1).

kommissie bepaal egter met inagneming van die minimum lengte van die skooldag en in oorleg met die hoofonderwyser die skoolure, met dien verstande dat die betrokke skoolraad ander skoolure kan vasstel. [1] Die skoolkommissie stel 'n besoekkommissie aan, wie se plig dit is om een maal per skoolkwartaal die skool te besoek. [2]

In Hoofstuk I van Die Ordonnansie op Onderwys 1954 [3] word „ouer" gedefinieer as die persoon wat wettig verantwoordelik is vir die opvoeding van 'n kind. In Hoofstuk IV D word die skoolplig bepaal tussen die ouderdomme van 7 en 16 jaar in 'n openbare of 'n private skool, tensy 'n kind om bepaalde redes vrystelling geniet. In die praktyk beteken dit dat die ouer se verantwoordelikheid nie 'n vrye verantwoordelikheid is nie - sy kind moet na 'n openbare of 'n private skool. Die openbare skole behoort prinsipieel nie aan die ouers nie en die ouer kan dus nie voorskryf hoe sy kind moet opgevoed word nie.

Die getuies voor die Pretoriuskommissie was oortuigend ten gunste van plaaslike beheer deur skoolrade en skoolkommissies. [4]

Daar is aangevoer dat:

(i) die skole prinsipieel aan die ouers behoort;

(ii) die kind volgens die doopbelofte en verbonds-

---

1). Die Ordonnansie op Onderwys 1954 (O.V.S.),art. 26a en b.

2). Id., art. 26(f).

3). Ordonnansie Nr.16 van 1954.

4). Provinsiale Onderwyskommissie 1951 (O.V.S.), 90.

gedagte ook aan die Kerk behoort en daarom het die ouer en die Kerk eerste seggenskap oor die kind en sy opvoeding en onderwys en kan hy dit slegs behou en deur middel van skoolrade en skoolkommissies wat deur die ouers gekies word om te waak oor die belange van die skool;

(iii) dat onderwys en opvoeding te veel die aard van 'n plaaslike aangeleentheid dra om plaaslike beheer uit te skakel, die plaaslike liggame vorm 'n gesonde skakel tussen die ouer, publiek en die departement van onderwys;

(iv) dat dit die plig van die ouers is om te eis dat die onderwys en opvoeding van die skool ooreenkomstig hulle Christelike en nasionale lewens- en -wêreldbeskouing geskied en dit die beste behartig kan word deur plaaslike liggame; dat die ouer dus die reg van seggenskap het in verband met die plek waar die kind onderwys ontvang en in verband met die inhoud van die onderwys, die benoeming van die onderwyser, en die wyse waarop die onderwys verstrek word; en

(v) dat die plaaslike inisiatief wat in die Vrystaat besonder veel gedoen het ter bevordering van die onderwys, geskok en gedemp sal word deur die afskaffing van rade of Kommissies. 1)

5. <u>Kaapprovinsie : Beheer in die onderwys.</u>

Die sentrale beheer berus by die Administrateur met 'n Superintendent- generaal van Onderwys as hoof

---

1). Hierdie betoog toon groot ooreenkoms met die C.N.O.-standpunt.

van die Departement van Onderwys. [1]

Die Administrateur stel skooldistrikte in waarvoor skoolrade saamgestel word. [2] Een lid word vir elke wyk in 'n afdelingsraad aangestel, een lid deur die afdelingsraad, een deur die munisipale raad en die Administrateur stel die ander aan. Waar die distrik nie dieselfde grense as 'n afdelingsraad het nie word twee- derdes verkies, die afdelingsraad of munisipaliteit stel een aan en die Administrateur benoem die res. Die kiesers is diegene wat verskyn op die afdelingsraadskieserslys of parlementêre kieserslys. Die skoolraad word vir vyf jaar saamgestel. Die skoolrade beheer alle nie- sektariese skole in die distrik. Die skoolrade het nie veel mag nie.

Die Skoolkomitees bestaan uit drie, vyf of sewe lede en word verkies deur die ouers. [3] Die skoolkomitees oefen algemene toesig oor die skool uit. Die skoolkomitee benoem iemand om 'n vakature te vul en die raad stuur die benoeming saam met sy eie aanbeveling na die Departement wat dan 'n aanstelling maak. [4] In Transvaal is die posisie omtrent dieselfde behalwe dat die aanbevelings vir personeel ook deur die skoolrade hanteer word.

6. Ontwikkeling in Engeland ten opsigte van beheer.

Voor 1944 het die Britse onderwysstelsel drie aparte kanale gehad: [5]

---

1). Kaapprovinsie, Onderwysordonnansie 1956, art. 3 en 4.

2). Id., Hoofstuk 2.

3). Id., Hoofstuk 3.

4). Id., art. 81(1)(a).

5). Moehlman & Roucek : Comparative Education, 110.

(i) Die Council School vir seuns tussen 5 en 12 wat skoolgeld moes betaal.

(ii) Die kerkskool.

(iii) Die Public School wat in werklikheid 'n private skool vir kinders van 5 tot 9 en weer van 9 tot 18 was. Hierdie skole het vir 'n uitgesogte groep gesorg.

Die Onderwyswet van 1944 is ontwerp terwyl Groot Brittanje in 'n stryd tot die dood gewikkel is, en het heeltemal weggebreek van die tradisie wat slegs die élite die geleentheid gebied het om gebruik te maak van sekondêre en universitêre- opleiding. Sosiale gelykheid word toegepas en die doel is om die geleenthede te bied waar die vermoë bestaan. [1]

Vier tipes skool- spesialisering vind nou plaas: [2]

(i) Die Grammar School ter voorbereiding vir diegene wat na kolleges wil gaan om die verstand te ontwikkel, 'n akademiese rigting.

(ii) Die tegniese skool vir diegene wat die industrieë, handel of sakewêreld wil ingaan.

(iii) Die landbouskool vir voornemende boere.

(iv) 'n Algemene skool vir die groot meerderheid met sy uitgebreide leerplan wat opleiding vir die familielewe, werk en sosiale verhoudinge kombineer.

Die belangrikste verandering in die verhouding tussen sentrale en plaaslike outoriteite is gemaak in die eerste afdeling van die Onderwyswet van 1944. Die Board of Education word nou vervang deur 'n

---

1). Moehlman & Roucek: Comparative Education, 16.

2). Id., 17.

Ministerie van Onderwys onder 'n Minister wat lid is van die Kabinet.

Sy plig was:

„to promote the education of the people of England and Wales and the progressive development of institutions devoted to that purpose, and to secure the effective execution by local authorities, under his control and direction, of the national policy for providing a varied and comprehensive educational service in every area." 1)

Hier het ons dus te doen met 'n sentrale beleid met die klem op gedesentraliseerde administrasie van die plaaslike owerhede. Die sentrale beheer berus by die Minister van Onderwys bygestaan deur die Parlementêre Sekretaris. Die Minister oefen groot invloed uit op die ontwikkeling van 'n nasionale onderwysbeleid. Sy departement: (1) inspekteer skole en rapporteer oor hulle doeltreffendheid; (2) dien as die Minister se plaaslike verteenwoordiger in administratiewe sake; en (3) adviseer die Minister i.v.m. opvoedkundige vraagstukke. 2)

Die aantal plaaslike owerhede (Local Education Authorities = L.E.A.'s) is verminder van sowat 300 tot 146 - 63 distrikte (counties) en 83 munisipaliteite (boroughs) - met die doel om die swakker owerhede uit

---

1). Kandel : The New Era in Education, 135.
Cramer & Browne : Contemporary Education, 66.
Meyer : The Development of Education in the Twentieth Century, 173.

2). Meyer : Ibid.

te skakel daar die groter owerhede beter doeltreffendheid meebring. Verpligte onderwys strek van vyf tot vyftien jaar met die doel om dit te verhoog na sestien sodra daar genoegsame geboue en onderwysers is. [1)]

Onderwys word in Engeland en Wallis geadministreer deur 'n mengsel van gesentraliseerde bestuur insake breë beleidsake en plaaslike selfbestuur wat die besondere beleid betref.

Hoewel die Minister die breë beleid stel, word groot sorg gedra dat die L.E.A.'s selfbestuur het. Die Minister van Onderwys besit geen skole en stel ook geen onderwysers aan nie. Weens die tradisie wat opgebou is, is dit twyfelagtig of die Minister en sy personeel die mag om te „kontroleer en rigting te gee" baie sterk sal toepas. Die L.E.A.'s beskik inteendeel oor groter magte. [2)]

Die Minister van Onderwys verleen geldelike hulp aan die L.E.A.'s tot 'n maksimum van 85 persent van die parlementêre onderwysbegroting en dit word toegeken ooreenkomstig die finansiële drakrag van die plaaslike onderwysliggame en geskied as volg:

60 persent vir algemene onderwys.
75 persent vir gevorderde beroepsonderwys.
100 persent vir melk en skoolmaaltye. [3)]

Vrywillige verenigings soos godsdienstige

---

1). Cramer & Browne: Contemporary Education, 66.

2). Id., 69.
Kandel: The New Era In Education. A Comparative Study, 136.

3). T.O.D. Verslag van Oorsese Sending, 47.

verenigings en filantropiese organisasies speel 'n prominente rol.

Hoofonderwysers organiseer hulle skole na hulle eie goeddunke en geen poging word aangewend deur die Minister om aan die onderwysers te dikteer aangaande sulke sake soos leerplanne, leergange, onderwysmetodes en handboeke nie. Die Minister staan onderwysers by deur handige pamflette en omsendbriewe uit te reik.[1)]

Verantwoordelikheid vir die plaaslike administrasie van die onderwys berus by die 146 rade. Die tradisionele tweeledige stelsel van elementêre onderwys vir die massas en sekondêre onderwys vir 'n minderheid is vervang deur 'n duidelike stelsel wat as volg uiteengesit is deur die wet. [2)]

„The statutory system of public education shall be organized in three progressive stages to be known as primary education, secondary education, and further education; and it shall be the duty of the local education authority of every area, so far as their powers extend, to contribute towards the spiritual, moral, mental and physical development of the community by securing that efficient education throughout these stages shall be available to meet the needs of the population of their area."

Dit sou verder die plig wees van plaaslike outoriteite om primêre en sekondêre skole te voorsien:[3)]

---

1). Cramer & Browne : Contemporary Education, 69.

2). Ministry of Education: A Guide to the Educational system of England and Wales.

3). Ibid.

"sufficient in number, character, and equipment to afford for all pupils opportunities for education offering such variety of instruction and training as may be desirable in view of their different ages, abilities, and aptitudes and of the different periods for which they may be expected to remain at school, including practical instruction and training appropriate to their respective needs."

Die L.E.A.'s hou toesig oor die onderwys, stel Onderwyskomitees aan wat belangrike werk verrig. Die meerderheid van die lede van die Onderwyskomitee moet lede wees van die raad; die ander is gewoonlik prominente burgers wat belang stel in onderwys en wat bekend is met die opvoedkundige behoeftes van die distrik. Die L.E.A. stel deurmiddel van sy Komitee 'n Hoof Onderwysbeampte of Direkteur van Onderwys aan wat dieselfde magte het as die Superintendent van skole in die V.S.A. Onder hom is 'n aantal skoolinspekteurs wat deur die L.E.A. aangestel is. (Hierdie inspekteurs moet nie verwar word met Haar Majesteitse Inspekteurs nie.) [1)]

Elke L.E.A. moet voorsiening maak vir alle onderwys in sy gebied tot op die sekondêre vlak.

Elke sekondêre skool het 'n raad van "governors" wat die onderwysers aanstel. Oor die algemeen gee elke plaaslike gemeenskap heelwat aandag aan die werk en die planne van die L.E.A. Plaaslike munisipale verkiesings bring dan ook mee dat kandidate hulle opinie moet uitspreek i.v.m. opvoedkundige

---

1). Cramer & Browne: Contemporary Education, 72.

projekte en beleidsake.[1]

Vrywillige groepe het skole en inrigtings op haas elke terrein georganiseer. Meeste van die „voluntary" skole, waarvan daar 10,000 op die primêre vlak is, word instandgehou deur die Kerk van Engeland en die Roomse Kerk. Die „voluntary" skole word finansieel gesteun deur die L.E.A.'s en in sommige gevalle deur die Ministerie. Die finansiële hulp hang af van die beheer wat oor hulle uitgeoefen word deur die L.E.A. of die Ministerie.

Daar is verder nog die onafhanklike skole soos die bekende „Public Schools".[2]

In 1945 keur Skotland ook sy teenhanger van die Engelse Wet van 1944 goed.

Hierdie maatreël is stellig een van die groot omvattende onderwyswette wat in die jongste tyd ontwerp is - „the greatest piece of legislation in educational history."

Die onderwys is in Engeland 'n nasionale saak, die beplanning, voorsiening en bevordering daarvan is die verantwoordelikheid van die sentrale regering. Die uitvoering daarvan berus by die 146 L.E.A.'s onder leiding en toesig van die Minister se departement. Hier is dus 'n sterk gedesentraliseerde stelsel. Die twee beginsels ten opsigte van nasionale beleid en plaaslike beheer vorm die kern van die hele wetgewing.

7. <u>Ontwikkeling in die V.S.A. ten opsigte van beheer.</u>

Die „National Education Association" het in 'n

---

1). Cramer & Browne : Contemporary Education, 73.

2). Id., 75.

navorsingsbulletin in 1944 aanbeveel dat die staatsdepartemente in ooreenstemming met die wet, minimum standaarde en essensiële regulasies vir die onderwysers en skole van die Staat moet bepaal; die distribusie van Staats- en Federale fondse moet hanteer, 'n stelsel van skoolverslae, rapporte en waardebepalinge in stand hou, en voorligting en leiding gee i.p.v. uitvoerige voorskrifte te maak.[1] Die doel van die aanbeveling was om groter eenvormigheid in die verskeidenheid van onderwysreëlings in die V.S.A. te verkry.

Plaaslike belasting veral op eiendom voorsien die bron van inkomste. In 70 persent van die skooldistrikte word sodanige belastings gehef. Dit bring egter 'n ongelyke verdeling van finansiële hulp mee weens die groot plaaslike verskille in eiendomswaardes van streek tot streek. Die leerplan varieer gevolglik ook van 'n beperkte enge onderrig in die arm gebiede tot 'n verrykte en breë program in die welgestelde gebiede. Onderwysopleiding hang ten nouste saam met die omvang van die finansiële steun van die skooldistrik.[2] Om hierdie swakhede uit te skakel toon die huidige skooladministrasie 'n defnitiewe neiging tot algehele beheer en ondersteuning deur die Staat. Die onderwysstelsel verskil van Staat na Staat in die V.S.A. 26 van die State het 'n distriksorganisasie, 9 'n dorpsorganisasie en in 12 word die onderwys direk deur die Staat gesteun en beheer. Die neiging is tans dat die State alle skole beheer.[3]

---

1). Cramer en Browne: Contemporary Education, 45.

2). Moehlman & Roucek: Comparative Education, 56.

3). Drake: The American School in Transition, 16.

Hier is dus 'n neiging tot sentralisasie.

Die verskillende State is baie op hulle reg gesteld om hulle eie onderwyssake te reël en te beheer. Waar die Federale Regering gelykvormigheid wil bewerkstellig, het hy met teenkanting van die State te kampe. Veral in die Suide is die teenkanting groot waar die blankes federale inmenging vrees, veral ten opsigte van Negeronderwys, wat indien dit gelykvormig gemaak word die gebal anseerde landelike ekonomie sal versteur en die historiese meerderwaardigheid van die blanke in die Suide sal benadeel. 1)

Alhoewel die Federale Regering geen direkte beheer uitoefen oor die onderwys nie, beskik dit oor 'n National Education Association en die Office of Education, met die Kommissaris van Onderwys aan die hoof. Hierdie liggaam bevorder onderwys en oefen sekere administratiewe pligte uit. In die V.S.A. bestaan daar ten spyte van die verskeidenheid 'n nasionale onderwys. Die nasionale onderwyseenheid, word verkry deur professionele leierskap, waarin die National Education Association 'n belangrike rol speel en die Office of Education 'n mindere belangrike rol. Die National Education Association is 'n vrywillige onderwysvereniging van meer as 500,000 lede wat sy invloed laat geld deur middel van kongresse, navorsingswerk, publikasies, ens., terwyl die Office of Education 'n statutêre liggaam is. Dit is verbonde aan die Federale Regering, het g een regstreekse kongresverteenwoordiging nie, besit geen regsmag nie en is

---

1.) Hans: Comparative Education, 275.

bykans oorweënd raadgewend van aard. Dit het ten doel die bevordering van opvoedkundige navorsing, die versameling en verspreiding van onderwysgegewens én dit word gedoen deur middel van weersydse samewerking. 1)

Die oorsese sending van Transvaal dien hier aangehaal te word: „Die onderwys in die V.S.A. is deurgaans die plig van die afsonderlike state en hierdie koöperatiewe poging „is not a Federal program under centralized control from Washington. It is rather an aggregation of 48 State Programs." 2) En ten Slotte:

> „Education in the United States provides an interesting example of an interrelationship between, national, state, and local governments. Although the major control rests with the people in the local communities, there has been a continual trend toward larger local units of administration and greater financial support from the state. Through all of this the principle of local control, with its corollary of intense local interest in schools, has been preserved." 3)

In Amerika speel vrywillige organisasies 'n belangrike rol in die onderwys. Daar is 'n groot aantal privaatskole, meestal kerkskole. Die ouer het die reg om sy eie onderwysfasiliteite te keur teen sy eie onkoste. Die privaatskole moet sekere standaarde handhaaf en sommige state stel dan ook die vereiste dat hulle van opgeleide onderwysers gebruik

---

1). T.O.D. : Verslag van Oorsese Sending, 45.

2). Id., 45.

3). Cramer & Browne: Contemporary Education, 55.

moet maak. Twee- derdes van die privaatskole is katoliek terwyl die Protestantse Kerke 'n groot aantal kolleges en universiteite opgerig het.

8. Ontwikkeling in Nederland ten opsigte van beheer.

Tiperend van Nederland is die feit dat volgens statistiek van 1947 is slegs 27.6 persent van die laerskole bestuur deur die owerheid, terwyl 43.3 persent deur Katolieke, 27.3 persent deur Protestants-christelike en 1.8 persent deur ander partikuliere skoolbesture beheer word. 1)

Alhoewel die onderwys gratis is, dra die ouers 'n klein bedraggie aan skoolgeld by, bereken op hulle inkomste. Elke gemeente moet 'n voldoende aantal laer skole onderhou, en word slegs vrygestel indien minder as 12 kinders die skool sou besoek. Indien 'n partikuliere vereniging in 'n klein plekkie 50 leerlinge bymekaar kan bring, kry hy outomaties van die gemeente die geld vir die bou van 'n laer skool nadat 'n sekere waarborg gegee is. Die toelae vir die leermiddels is dieselfde per leerling as wat die openbare skole ontvang. 2)

Die eintlike verantwoordelikheid vir die voorsiening van geskikte primêre, sekondêre en tegniese onderwys berus by die plaaslike gemeentes. Die vryskole word privaat beheer terwyl die plaaslike outoriteite moet sorg vir die nodige geboue.

---

1). Ministerie van Onderwys, Kunsten en Wetenschappen: Onderwijs en Opvoeding in Nederland, 1.
Mallinson: An Introduction to the study of Comparative Education, 101.

2). Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen, 3.

Die plaaslike outoriteite stel inspeksiekomitees aan waarop ouers, onderwysers en ander plaaslike bewoners verteenwoordiging het. Om op te som: die plaaslike outoriteite betaal die lopende uitgawes en voorsien geboue vir alle tipes skole, die Ministerie betaal die salarisse en maak genoegsame voorsiening vir die behoorlike instandhouding van sekondêre onderwys. [1)]

Die funksie van die Minister van Onderwys is om eenvormigheid van standaarde en van onderwysgeleenthede dwarsdeur die land te verkry; die salarisse te voorsien van alle goedgekeurde onderwysers, dit maak nie saak in watter skole hulle diens doen nie. Hy reël die uitvoering van die onderwysprogram en die skoolrooster en sien verder toe dat regulasies wat betrekking het op die gladde funksionering van die skole, nagekom word. Hy sien toe dat alle „vry" skole hulle regte geniet en maak 'n ruim bydrae tot die instandhouding van die sekondêre skole. Die Minister van Onderwys sorg vir 80% van die sekondêre handelskole se uitgawes, en sorg nog volledig vir 49 sekondêre skole in gebiede waar daar nie behoorlike voorsiening is vir sekondêre onderwys deur die plaaslike outoriteite nie. Die Minister het 'n inspektoraat bestaande uit 3 hoofinspekteurs en 56 ander wat in verskillende distrikte diens doen. Daar is verder twee bou-inspekteurs wat skoolgeboue behartig en twee inspekteurs wat onderwysopleiding behartig. [2)]

---

1). Mallinson: An Introduction to the Study of Comparative Education, 100 - 101.

2). Mallinson : An Introduction to the Study of Comparative Education, 100.

Die hoofkenmerk van die Hollandse lewenswyse asook die onderwys is vryheid. Die ouers het die vryheid om self te bepaal watter soort onderwys hulle vir hulle kinders wil hê. Een van die grondslae van die jongste Wetsontwerp ter „Regeling van het Voortgezet Onderwys" (1958/1959) [1] is dan ook dat die opvoeding van die kinders in die eerste instansie die reg en plig van die ouers is. Uit hierdie vryheid ontstaan 'n groot hoeveelheid skooltipes en onderwysmetodes, 'n kenmerk van 'n hoë mate van desentralisasie. Die werklike onderwysgesag berus by die plaaslike outonome gemeenskappe en liggame.

Baie bekend klink die kenmerke van die voorgestelde nuwe onderwyswet, dit gaan in Transvaal om dieselfde behoeftes. [2] Beroepsonderwys was voorheen beperk tot afsonderlike skole op die middelbare vlak. Daar word nou beklemtoon dat sekondêre onderwysvoorsiening 'n organiese geheel moet vorm en dat horisontale en vertikale aansluitings of oorgange moontlik moet wees.

(a) <u>Kritiese Beoordeling</u>.

Beide die Wilksverslag en die Pretoriusverslag voel die gebrek aan koördinering ten opsigte van onderwysbeleid en laak die verdeelde onderwysbeheer. Die Pretoriuskommissie beywer hom vir 'n Nasionale Onderwysraad wat sal bestaan uit vakkundiges en adviserend sal optree. Die Pretoriuskommissie is ten

---

1). T.O.D.: Onderwysbulletin, Maart 1959, 21.

2). Ibid.

gunste van Provinsiaalbeheerde onderwys op die voor-universitêre vlak met uitsondering van tegniese onderwys. In Natal tref ons 'n hoogs gesentraliseerde stelsel met weinig plaaslike bestuur in die onderwys. Die stelsel van die Vrystaat toon groot ooreenkoms met die in Transvaal. Die skoolrade word egter in die Vrystaat saamgestel uit verteenwoordigers van die skoolkommissies wat die ouers groter seggenskap gee. Hierdie beginsel is deur die Nicolkommissie aanbeveel en ook herhaaldelik deur C.N.O.- voorstanders versoek. So 'n stelsel sal in Transvaal meebring dat die ouers hulle plaaslike skoolkommissies direk beheer en die skoolrade gesamentlik beheer. So 'n stelsel behoort die twisappel van die aanstelling en keuring van onderwysers uit die weg te ruim.

Die De Villierskommissie beoog die opvoeding van die hele mens in beroepsgerigte skole en ontwerp 'n stelsel waar elke onderwysdepartement grotendeels sal hou wat hy het, maar dat terselfdertyd voorsiening gemaak is dat elke leerling die regte soort onderwys op die regte tyd en plek sal ontvang. Die Kommissie voel dat die tyd nog nie ryp is dat 'n enkele nasionale owerheid die onderwys beheer nie en stel daarom 'n koördinerende raad van onderwys voor. Die Provinsiale Onderwysowerhede het ongunstig op die aanbevelings van 'n Nasionale Onderwysraad gereageer uit vrees dat met die instelling van so 'n raad die outonomie van die provinsies uiteindelik prysgegee wou word.

Die Onderwyswet van 1944 in Engeland gee 'n stelsel wat groot verskeidenheid openbaar, maar wat

nietemin van 'n sterk nasionale karakter getuig. Die Engelse stelsel is gebaseer op 'n verspreiding van mag wat kortliks so deur Alexander gestel word :

„The Ministry of Education, the L.E.A.'s operating through governing bodies, the teaching profession, the national associations representing these interests, the universities, the independent schools and, of great importance the Churches, which have at all times been directly concerned with education and are an essential partner in the national system; all these, each making a proper contribution, each exercising power and influencing policy, form the pattern." 1)

Engeland en die V.S.A., het elkeen op sy eie gebied, groot teenkanting gebied tot eenvormigheid van opvoedkundige voorskrifte van watter aard ook al. In beide lande is daar 'n sterk gevoel teen die delegering van die beheer van onderwys tot 'n sentrale nasionale outoriteit en 'n ewe sterk geloof in plaaslike beheer as 'n metode om die vrywillige pogings van die gemeenskap te stimuleer.

Die Nederlander se liefde vir vryheid en onafhanklikheid vind tans volle uitdrukking in sy onderwysstelsel wat op harmonieuse wyse die voordele van beide gesentraliseerde en gedesentraliseerde stelsels van onderwysadministrasie kombineer.

Dit val op dat ons twee stamlande en die V.S.A. beskik oor hoogs gedesentraliseerde onderwysstelsels

---

1). Alexander: Education in England. The National System - How it works, 4.

waar plaaslike inisiatief en seggenskap 'n belangrike rol speel. In die twee stamlande is daar 'n rigting-duidende sentrale onderwysbeleid. Dit verbaas dan dat hier 'n gesentraliseerde stelsel met geringe plaaslike en ouer seggenskap is met geen sentrale onderwysbeleid nie.

Daar is natuurlik bepaalde faktore wat beïnvloeding teengegaan het. Dit moet onthou word dat die basis van die huidige stelsel in Transvaal, die Selborne- memorandum waarop die Smutswet van 1907 gebou is, 'n gesentraliseerde stelsel voorgestaan het, want juis deur so 'n stelsel sou die Afrikaner makliker geangliseer kon word. Op 25 Junie 1907 het generaal Smuts, by die tweede lesing van die wetsontwerp in die Wetgewende Vergadering, 'n uiteensetting van die hoofbeginsels daarvan verstrek en opgemerk dat hy van verskeie kante genader is om 'n staatstoelae aan private skole toe te ken, maar dat hy geweier het, omdat dit nie wenslik is om 'n dualistiese stelsel aan te moedig nie, want hy wou 'n eenvormige Transvaalse stelsel tot stand bring. Dit sal onthou word dat dualisme in die onderwys 'n kenmerk van die Britse onderwys is.

Hoewel Engelse instansies nog altyd beswaar gemaak het sodra daar enige poging aangewend is om die Afrikanerouer meer seggenskap in die onderwys te gee of om plaaslike beheer uit te brei, het die welgestelde Engelsman wat 'n soortgelyke behoefte gehad het, privaatskole opgerig.

Sedert die Anglo-Boere- oorlog het die Afrikaanssprekende alles wat maar net 'n Engelse kleur gehad het met 'n mate van teësin bejeën, dis dan ook

onwaarskynlik dat Afrikaanssprekende opvoedkundiges voor die jare veertig in Engeland sou gaan lig aansteek.

Die Nederlandse stelsel het baie invloed op die C.N.O.- rigting uitgeoefen, maar die Transvaalse Onderwysdepartement het steeds druk van dié kant teengegaan. Dit is eers gedurende die afgelope tiental jare dat die C.N.O.- rigting geringe vordering (ten opsigte van plaaslike beheer) gemaak het.

---oOo---